



WEARCHECK[®] AFRICA

A member of the Set Point group

PINETOWN
TEL: (031) 700-5460
FAX: (031) 700-5471

JOHANNESBURG
TEL: (011) 392-6322
FAX: (011) 392-6340

OLIEMONSTERINDIENVORM – MOBIELE TOERUSTING



- U maatskappy naam en -telefoon nommer
- Om te identifiseer uit watter masjien die monster kom
- Waar die masjien werk
- Datum waarop monster geneem is
- BELANGRIK**
Hoe lank was die olie in gebruik – in km of uur?
- Omkring Ja /Nee as olie tydens monsterneming vervang is
- Kort kommentaar of vermelding van spesiale omstandighede wat vir die analise en diagnose van belang kan wees
- Verstrek die diensmeterlesing toe die komponent vervang of herstel is, SLEGS indien van toepassing
- Fabrikaat en model van voertuig – volle besonderhede, bv. Bell B40D
- VOLLE naam van die olie in hierdie komponent gebruik, bv. Shell Rimula Super 15w40
- Tipe oliebymiddel – indien gebruik

**MONSTER
NOMMER** **1931682 25**

Naam / telefoon nommer van kliënt	
U WEARCHECK-rekenaarkode	
Vloot- of voertuignommer	
Registrasie- of reeksnommer	
Terrein/Ligging/Perseel	

MONSTERBESONDERHEDE

Tipe komponent (bv. Enjin)	
Monsterdatum	
Diensmeterlesing	Uur Km
Gebruikstyd van olie	
Is hierdie olie afgetap? (Merk toepaslike blokkie)	JA NEE
Is die olielysters vervang? (indien van toepassing)	JA NEE
Olieverbruik	<input type="checkbox"/> Liter <input type="checkbox"/> Normaal <input type="checkbox"/> Hoog <input type="checkbox"/> Oormatig
Opmerkings of spesiale omstandighede:	
Taaknommer	
Diensmeterlesing wanneer komponent vervang of herstel is	Herstel Km / uur Vervang Km / uur

GEKLEURDE DELE – INDIEN NUUT OF VERANDERDE BESONDERHEDE

Fabrikaat en model van onderstel (bv. Mercedes Benz 2632, Caterpillar D9H)	
Fabrikaat en model van komponent (bv. ADE 407T, Fuller RT 12509)	
Naam, tipe, graad van olie (bv. Castrol Tecton 15w40)	
Oliekapasiteit	Liter
Oliebymiddel? (meld naam)	
Verkoelersbymiddel? (meld naam)	

LET WEL:
AS ALLE RELEVANTE INLIGTING NIE SAAM MET DIE MONSTER VERSKAF WORD NIE, SAL 'N ONTLEDING GEDOEN WORD, MAAR GEEN BETROUBARE DIAGNOSE KAN VERSTREK WORD NIE

WEARCHECK AFRICA IS 'N ISO 9001- EN ISO 14001-GEREGISTREERDE MAATSKAPPY
KWALITEITVORM: ds54 / HERSIENINGSDATUM: April 2008

Elke monster het 'n unieke sewe-syfer nommer gevolg deur twee kontrolesyfers. Dit is belangrik om te sorg dat hierdie nommer en die bottelnommer ooreenstem.

Dit is **BELANGRIK** dat u die nommer byderhand het wanneer u navraag oor 'n monster doen

U WEARCHECK-rekenaarkode (6 karakters) koppel u kontakbesonderhede aan hierdie monster

Maak voorsiening vir 'n alternatiewe masjien- of voertuig-ID

Naam van gemonsterde tipe komponent

Totale masjienure of km

Omkring Ja /Nee as filters vervang is toe die monster geneem is

Olieverbruik sedert vorige olieruiling moet **NIE** die oliebakkapasiteit insluit nie. As die presiese verbruik onbekend is, dui aan of dit normaal of hoog is

Laat die kliënt toe om 'n werksbestelling aan 'n spesifieke diens of aksie te koppel – hierdie nommer sal op die verslag verskyn

SLEGS wanneer 'n komponent vir die eerste keer geregistreer word of die besonderhede verander het

Fabrikaat en model van komponent: Volle besonderhede, bv. Allison HD4560 – veral belangrik vir enjins, ratkaste en transmissies

Oliebakkapasiteit van komponent

Tipe verkoelingsmiddel wat in verkoelingsstelsel gebruik word

WearCheck se kwaliteitstelsel

ONTHOU
Hoe meer inligting u verskaf, hoe doeltreffender sal die diagnose wees.

BELANGRIKE OORWEGINGS

NUTTIGE HULPMIDDELS VIR MONSTERNEMING

1. Vloot- of voertuignommer

Dis belangrik om toerusting op 'n eenvormige wyse te benoem. As 'n stootskrapeer se naam BD1 is en dit dan CAT 1 genoem word, sal die monster se geskiedenis nie klop nie.

2. Die tyd wat die olie in gebruik is ("POIU")

As 'n voertuig eers korrek geïdentifiseer is, is die POIU die belangrikste inligting wat benodig word. Dit bepaal hoeveel slytasie en besoedeling in die olie verwag kan word. Teoreties, as die olie twee keer so lank gebruik is, behoort daar twee keer so veel slytasie en besoedeling te wees. Probeer asseblief hierdie inligting in ure of km te gee.

3. Opmerkings of spesiale omstandighede

Hoe meer inligting u aan WearCheck verskaf, hoe akkurater sal die diagnose wees. Verstrek asb. 'n kort opmerking oor enigiets wat u voel van belang kan wees, en noem enige foute wat tydens instandhouding opgemerk is soos defekte leidings of verstopte filters.

4. Vervanging of herstel van komponente

Dit is nuttig om die diensmeterlesing te weet wanneer komponente vervang of opgeknop word. Nuwe of opgeknopte komponente toon gewoonlik hoër slytasielesings. As ons weet die eenheid is nuut, kan ons sê die toestand is normaal vir 'n eenheid wat inloop eerder as om stappe aan te beveel.

5. Fabrikaat en model van voertuie en komponente

Die fabrikaat en model van 'n stuk toerusting is baie belangrik omdat masjiene verskillend werk en verskillende slytasieprofiële het. Die fabrikaat en model van 'n onderdeel moet ook bekend wees; 'n Bell-vragmotor kan 'n Deutz-, ADE- of Mercedes Benz-enjin hê.

6. Olienaam, -tipe en -graad

Deur te weet watter olie gebruik behoort te word kan ons byvulling en gebruik van verkeerde produkte bepaal. Dit kan op 'n instandhoudingsprobleem of olie-oordrag dui. Dis maklik om te bepaal dat die verkeerde olie gebruik word, maar dis moeilik om 'n produk te identifiseer as geen inligting verskaf word nie, want talle olies lyk baie eenders.

7. Die monsternommer

Dit is 'n unieke ID wat u oliemonster identifiseer. Maak asb. seker dat die nommer op die indievorm en op die bottel dieselfde is. Hou hierdie nommer ook gereed wanneer u oor 'n monster navraag doen. Daar is meer as vier miljoen monsters in WearCheck se databasis en elke maand word daar sowat 35 000 ontleed, dus kan dit baie moeilik wees om u resultate sonder 'n monsternommer te vind.

8. Komponentbeskrywing

Net soos by die vlootnommer moet u sorg dat dit konsekwent is. As 'n eindaandrywing as 'n planeetrat ingedien word, sal dit as 'n aparte komponent aangeteken word, en die geskiedenis sal nie klop nie.

9. Olieverbruik

Dit is dikwels moeilik of onmoontlik om aan te teken, maar selfs 'n aanduiding van normaal of hoog help. Byvulling met vars olie verdun die slytasie- en besoedelingsvlakke en kan 'n abnormale toestand normaal laat lyk.



Produkkodes: WISPE, WISPG

Swaardiens
oliemonsterpomp

Toepassing:

Hierdie stewige metaalpomp is spesifiek ontwerp om oliemonsters deur 'n enjin se peilstok opening of uit enige ander kompartement te trek.

Beskrywing:

Dit word gelewer met 'n spoelbottel en 'n 4mm en 'n 6mm of 'n 8mm deursnit harde nylonbuis om monsters uit enige kompartement te trek.



Produkkodes: WVEM, WVEB, WVG

Hoëdruk
bemonsteringsklep

Toepassing:

Hierdie klep maak dit maklik om monsters uit hoëdrukstelsels te neem.

Beskrywing:

Dit word as 'n aparte eenheid gelewer en kan saam met die hoëdruk bemonsteringsklep koppelstuk hieronder gebruik word (besonderhede op aanvraag).



Produkkode: WVCG

Koppelstuk vir hoëdruk
bemonsteringsklep

Toepassing:

Hierdie kitskoppelstuk maak dit moontlik om monsters uit hoëdrukstelsels te neem.

Beskrywing:

Dit word as 'n aparte eenheid gelewer en kan saam met die hoëdruk bemonsteringsklep hierbo gebruik word (besonderhede op aanvraag).



THE LEADER IN OIL AND FUEL ANALYSIS

KWAZULU-NATAL
9 LE MANS PLACE
WESTMEAD, PINETOWN, RSA
PO BOX 15108, WESTMEAD 3608
TEL: 031 700 5460
FAX: 031 700 5471
support@wearcheck.co.za
www.wearcheck.co.za

GAUTENG
25 SAN CROY OFFICE PARK
DIE AGORA STREET, CROYDON RSA
PO BOX 284, ISANDO 1600
TEL: 011 392 6322
FAX: 011 392 6340
jhbsupport@wearcheck.co.za
www.wearcheck.co.za



Hoe om 'n



Indienvorm vir Mobiele Toerusting te voltooi